Oordenking
11 November 2009.

My lewe het ‘n wonderlike doel!

God is nie net die Skepper van alles nie, maar het alles geskape om sy heerlikheid te vertoon. Die Bybel vertel dat alles wat God gemaak het baie goed was. Hy het ook vir Adam en Eva as rentmeesters aangestel om alles te versorg en te bestuur wat God gemaak het en lief het. God het dit vir hulle gegee, om die skoonheid en majesteit daarvan te geniet. God het hierdie wêreld vir ons gemaak, sodat ons dit onder sy hoë regering en volgens sy wil, sal geniet!

Psalm 8 neem hierdie waarheid selfs verder. God wat alles gemaak het, het vir ons, mense, meer as enige iets anders in gedagte gehad toe Hy besluit het om die skepping daar te stel, en het ons meer lief as enige iets anders wat Hy gemaak het. God het ook vir ons, die mense, die hoogste plek van eer en verantwoordelikheid in die skepping gegee. Terwyl die res van die skepping God gehoorsaam dien, word dit gedoen omdat dit geen ander keuse het nie. Dit is alles geskape om aan God gehoorsaam te wees. Maar ons mense dien die Here omdat ons met ons vrye wil besluit om sy heerlike majesteit te vereer.

Ps 8: 3 – 8: As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het -- wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:
skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see.

God het ons en ons wêreld met ‘n doel gemaak. Hy is lief vir ons wêreld, maar het ons nog liewer. Hy gee ‘n doel aan ons lewe deur graag ons aanbidding, lof, gehoorsaamheid en rentmeesterskap van alles wat vir Hom kosbaar is, te aanvaar.

God laat dit nie aan ons oor om die doel van ons lewens te vind nie. Ons word daaraan herinner dat ons lewens kosbaar is, omdat God ons aangestel het en sy hoë verwagtinge van ons, gee waarde aan ons lewe.

Jy het vir die Here meer waarde as alles wat Hy gemaak het. God, wat sy goddelike heerlikheid deur die hele skepping verkondig, sê ook dat ons meer waarde het as al die ander goed wat Hy gemaak het. As mans en vroue wat na die beeld van God gemaak is, vertoon ons sy heerlikheid meer as enige iets anders in sy skepping. En ons maak sy heerlikheid bekend omdat ons, deur geloof, weet dat Hy ons Skepper, ons Vader, Verlosser en Trooster is.

Ons Skepper God en Redder gee ‘n doel, waarde en betekenis aan ons lewens.
Ons vind dié betekenis as ons ons nederig aan sy roeping en wil onderwerp om net tot sy eer te lewe.
Wat ons ook al doen. Waarheen ons ook gaan. Watter taak ons ook vandag verrig, dit het betekenis, want dit verkondig die heerlikheid, majesteit, krag, heiligheid en barmhartigheid van ons Heer.
En God nooi ons om dit alles baie te geniet, want Hy sorg vir ons.